

Inhoud Hierdie preek wys hoe Christus ons bevry van sondes deur dit te vergewe en ons daarvan te reinig. Só laat die Here ons in sy liefde deel wat vir ons die lig is om sy wet weer as ware liefde vir God en ons naaste te kan ontdek. In sy liefde ontdek ons dat ons Hom altyd 'n afgod wil maak wie ons sondes as ware liefdes sou regverdig. Dit wys hoe die NG Kerk Jesus die afgod maak wat alle seksuele persversies nou liefdes maak en die wet van God wegvat omdat dit mense “judgemental” sou maak, sodat die kerk weer die kerk van die staatsorde kan wees.

Skriflesing 1 Johannes 1: 1 – 2:6; 2: 15- 16; 5:21.

Teks 1 Johannes 1: 5: “God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.”

Tema Christus vergeef ons sondes Hy maak dit nie ons liefdes nie

1. Het Jesus Christus gekom om sondes goed te maak of om sondes te vergewe?

Dit klink vir ons as gelowiges na 'n baie vreemde vraag, maar dit is die saak wat die apostel Johannes in hierdie brief deurlopend aanspreek. Hy wys dat Christus nie gekom het om sondes goeie goed, dit is goeie deugdes, 'n goeie lewenswyse te kom maak het nie, maar dat Christus sondes vergewe sodat ons in liefde en nie in sonde kan leef nie.

'n Goeie preek begin met 'n opsomming van die inhoud van die preek in 'n kort samevatting wat aan die einde van die preek met 'n laaste sin die preek weer volledig opsom. Kyk wat is Johannes se laaste sin in hierdie brief: “Liewe kinders, bly dus weg van die afgode af.” Hierdie opsomming wys dat die hele brief gaan oor hoe Christene van afgode en afgodsdiens moet wegbly en die ewige lewe as die lewe met die ware God moet saamleef.

Die tema van die brief kondig ook aan dat die hele brief gaan oor die verskil tussen die ware God en afgode, en die verskil tussen 'n lewe in liefde met die ware God teenoor 'n liefde in sonde met afgode. Dit is die tema van die brief wat in hoofstuk 1 vers 5, wat na die inleiding van verse 1 tot 4, só aangekondig word: “Dit is nou die boodskap wat ons by hom gehoor het en aan julle verkondig: “God is lig, en daar is geen duisternis in Hom nie.”

Die verskil tussen lig en duisternis is in hierdie brief die verskil tussen liefde en haat. Dit wys in hoofstuk 2: 9 -11. Wie sy broer liefhet bly in die lig van die liefde van Christus en wie sy broer haat is omdat hy in die duisternis van die liefde van afgode leef. Wie in afgode glo, leef in die duisternis dat haat as liefde geglo en geleef word. Wie in Jesus Christus glo, leef in die lig van sy liefde met liefde. Afgode en

Christus vergeef ons sondes Hy maak dit nie ons liefdes nie

afgodsdien gaan oor die mens wat dit wat God se wet as haat openbaar as liefde te wil glo en te wil ervaar. Dit is presies wat Paulus ook in Rom. 1: 18 -32 uitwys.

2. Omdat ons kinders van God is, klink dit vir ons baie vreemd en snaaks dat mense kan en wil glo hulle haat is liefde en dat hulle glo God leer hulle hulle haat is eintlik regtig liefde. Die rede hiervoor is dat ons nie meer werklik die mag en krag van afgodsdien ken nie. Ons dink dat omdat mense nie meer afgodsbeeldjies van hout, yster en edelmetale maak nie, is mense nie meer in die mag en leef hulle nie meer binne die krag van afgodsdien nie.

Dit is juis teenoor die mag en krag van afgodsdien dat die apostel Johannes die hele evangelie in sy brief só opsom: "God is lig, en daar is geen duisternis in hom nie."

Wat bedoel hy met hierdie opsomming van die evangelie?

Ons kan dit met 'n voorbeeld toelig: ouers wat hulle kinders leer sonde is goed en reg. Die kinders! Kan julle dink dit kan só werk dat jou ouers jou kan leer sonde is goed en reg?

Kom ons kyk! Dit gebeur baie keer met sport soos bulletjierugby!

Party Pa's hardloop langs die veld ag en skree vir hulle seuntjies: "Skop hom! Slaan hom met die vuur! Trap hom!" en dan vloek die pa die skeidsregter en ander kinders en ouers. Deur só op te tree wys die pa mos nou vir sy seuntjie: pa is trots op sy seun wat skop, slaan, trap en vloek. Hy vertel sommer vir almal hoe sy seun geskop, getrap, geslaan en gevloek het, en wil hê almal moet saam met hom lag. Hy leer sy seun hy is trots daarop dat hy sy maats en opponente haat. Haat is goeie rugby!

Net só maak party ma's. Hulle leer hul dogters hulle moet nie na onderwysers luister nie, maar op hul regte staan. Wanneer die hoof vir só 'n ma vertel hoe ongeskik haar dogter is, dan vertel die ma die die hoof haar dogter het net 'n sterk persoonlikheid en sy staan op haar regte. Só wys die ma sy is trots op haar dogter se ongeskiktheid en spog sy met haar dogter se ongeskiktheid.

Net so kry jy party ouers wat lekker lag en vertel hoe dronk hul kinders was en hoe simpel hulle hul gedra het omdat hulle dink dit is oulik. So leer hul hul kinders is spoggerig wanneer hul dronk is en nie omdat dronkenskap te haat nie.

Dieselfde gebeur met ouers wat tienerkinders aanmoedig om seks te hê, om te wys hulle gee hul kinders vryheid en onderdruk nie hul kinders nie. Só leer hul hul kinders om trots te wees op hulle losbandigheid.

Christus vergeef ons sondes Hy maak dit nie ons liefdes nie

3. Ouers wat nie meer die lig is vir hul kinders nie, maar duisternis! Ouers wat hierdie donkerte in hulle het om hul kinders se sondes te geniet en trots te wees daarop. Dit is wat die sin beteken: "God is lig, daar is geen duisternis in Hom nie." God kry nie lekker nie, voel nie trots nie, is nie bly en geniet nie sy kinders se sondes nie. Gode wat bly en trots is wanneer mense sonde doen, is afgode!

Dit is hoe alle afgode wat mense selfopgemaak het nog altyd gewerk het. Dit was gode wat mense se sonde saam met hulle geniet, wie se sondes vir die gode snaaks was, oulik was en die sondes van mense was altyd iets wat afgode trots op mense gemaak het.

Zeus was die afgod van magtige wetteloosheid. Hy is die god wat die keiser en leiers die mag gegee het om bo enige wet of aanspreeklikheid teenoor die wet te leef. Zeus maak mense absoluut in en deur hulle self.

Apollo was die god wat mense geïnspireer het om ander mense dood te maak en die krag gegee het om ander mense met geweld te onderwerp.

Venus was die godin wat jou met losbandige seksdritte vervul het asof dit ware liefde is en Bacchus was die god wat geëerd en trots gevoel hy wanneer jy saam met Hom en tot sy eer gesuip is.

5. Afgode is nie gode wat mense liefhet nie. Dit is gode wat mense haat en mense se haat vir mekaar soos liefde laat voel en lyk.

Hoe?

Deur gode van begeertes te wees! Afgodsdienste gaan altyd oor sondige begeertes voor te hou en uit te leef asof die bevrediging van sondige begeertes die vervulling van ware liefde is. Dit is presies wat die apostel Johannes aanspreek in hoofstuk 2: 15 en 16: "Moenie die sondige wêreld en die dinge van die wêreld liefhê nie. As iemand die wêreld liefhet, is die Vader se liefde nie in hom nie. Die wêreldse dinge – alles wat die sondige mense begeer, alles wat sy oë sien en begeer, al sy gesteldheid op besit – kom nie van die Vader nie, maar uit die wêreld."

Dit is wat afgode doen. Hulle maak al die sondige begeertes van mense, die ware liefde van en vir mense. Hierdie tipe verdraaide liefde kan nie die liefde wees soos God dit vir ons in sy wet openbaar nie. Hierdie liefdes is presies net wat in die 10 de gebod openbaar word as die hart van elke sonde: om jou naaste se huis, vrou, kind, lewe, besittings, naam en gemeenskap te begeer as jou eie, en toegepas op God om God se krag, lewe, naam, wil, voorsienigheid, wysheid, as jou eie te begeer.

In afgodsdienste hou mense hulle sondige begeertes voor asof dit is hoe God wil hê hulle moet wees, hoe God liefde laat werk en wat God gelukkig, en bly maak. God is

Christus vergeef ons sondes Hy maak dit nie ons liefdes nie

vir hulle 'n god vol donker begeertes in Homself en sy mense: God begeer jou hart, begeer jou lewe, begeer jou liefde en God sal jou begeertes bevredig wanneer jy sy donker begeertes vir hom bevredig.

6. Daar is geen duisternis in God nie. God is Lig. God is liefde en God skep liefde. Hy maak nie ons hatigheid ons liefdes nie.

God se liefde vir ons maak nie ons sondes goed nie. Sy liefde is om dit wat ons sleg doen, te vergewe. Christus is gestuur as versoening vir ons sondes (1Joh.2: 2, 4:10) Hy praat nie ons sondes goed nie, maar is ons Voorspraak by die vader met sy lyding en opstanding sodat Hy ons van ons sondes kan reinig. (1 Joh.1: 9)

Johannes wys dat ons sondes wat ons as liefdes glo, nie die wyse is waarop God ons liefhet nie met hierdie belangrike sin: “Werklike liefde is dit: nie die liefde wat ons vir God het nie, maar die liefde wat Hy aan ons bewys het deur sy Seun te stuur as versoening vir ons sondes.” Ons liefdes is nie werklike liefdes nie want ons wil ons sondes as ons liefdes glo en uitleef. Werklike liefde is dat God nie hierdie sondes goedmaak of Hom daardeur laat eer nie, maar dat Hy juis vir wat ons as ons liefdes uitleef sterf en ons van dit reinig.

Johannes spreek dieselfde afgodsdienste aan wanneer Hy ons liefde vir God só kwalifiseer: “Die liefde vir God bestaan dan daarin dat ons sy gebooie gehoorsaam.” (1 Joh.5: 3) Die liefde wat Christus in ons skep deur sy eerste liefde waarin Hy ons van ons sondes reinig en ons sondes deur sy dood mee versoen (1 Joh. 4: 19), is liefde volgens die wet van God. Hierdie nuwe naaste liefde wat die Here se liefde in ons wek, kan nooit die vervulling van ons sondige begeertes in en deur ons naaste wees, soos dit is alle afgodsdienste gebeur nie.

Daarom stel Johannes ook dat wie sê hy het God lief, maar sy broer haat, is 'n leuenaar. (1 Joh. :20). Bedoelende dat Jesus Christus kan nie die afgod wees wat jou sondige begeertes jou liefde vir jou naaste maak nie. In Jesus Christus se liefde ontdek jy dat jou sondige begeertes vir jou naaste is haat vir jou naaste.

Christene se liefde vir hul naaste is die onderhouding van die wet van God!

Daarom leef Christene 'n nuwe lewe waar sondige begeertes en die vervulling van hierdie sondige begeertes in en deur mekaar as sondes geken en bely word. (1 Joh. 2: 8-10) Christene leef 'n nuwe lewe waar hul liefde nie hul sondes begeertes is nie, maar hul toewyding en onderhouding van die wet van God, die Tien Gebooie is.

7. Ons verstaan 1 Johannes 1 verse 8 tot 10 binne die kerk totaal verkeerd. Ons hoor hierdie sinne altyd asof dit boetedoening is: “As ons beweer dat ons nie sonde het nie, bedrieg ons onself en is die waarheid nie in ons nie. Maar as ons ons sondes bely – Hy is getrou en regverdig, Hy vergewe ons ons sondes en reinig ons

Christus vergeef ons sondes Hy maak dit nie ons liefdes nie

van alle ongeregtigheid. As ons beweer dat ons nie gesondig het nie, maak ons hom tot leuenaar en is sy woord nie in ons nie.”

Ons hoor hierdie stelling só!

Jy moet nie maak asof jy nie sondes het nie, jy moet jou sondes op die naam erken en bely, en wanneer jy hierdie sondes op die naam erken en bely, sal die Here hierdie sondes vergewe. Voor jy nie jou sondes erken en bely nie, word jou sondes nie vergewe nie.

Hierdie verkeerde oortuiging is boetedoening. Want volgens hierdie verkeerde oortuiging word jy vergewe wanneer jy jou sondes opreg erken, opreg berou het daaroor en opreg bely.

Dit kan glad nie die betekenis wees van hierdie sinne nie. Johannes self stel in hoofstuk 5 verse 9 tot 12 dat ons die ewige lewe ontvang deur ons geloof in Jesus Christus. Hierdie ewige lewe is die lewe waarin ons van ons sondes gereinig en met God versoen is. Ons ontvang nooit die ewige lewe, vergifnis en versoening deur ons sondes te bely nie. Dit ontvang en besit ons deur ons geloof in die evangelie, Jesus Christus.

Die werklike geloofsaak in Johannes se oproep tot belydenis van sonde in hoofstuk 1 verse 8 tot 10, is dat Christene kan nie hulle sondes as hul liefdes glo nie. Wie dit doen, maak van Christus en wat Hy vir ons doen 'n leuen, maak van Christus 'n afgod.

Daarom beteken hierdie verse juis dat Christus se liefde vir ons, maak dat wat ons in ons bygeloof as ons liefdes geglo het, nou as ons sondes bely – en hierdie belydenis bring nie straf oor ons nie want Hy het gekom om ons juis van hierdie sondes te vergewe.

8. Net so word die wet van God in afgodsdienste totaal verkeerd verstaan!

In alle afgodsdienste word God se wet gesien as hierdie swaar, onbillike en onuitvoerbare laste wat mense nie kan nakom nie. Die rede hiervoor is glad nie dat liefde as wetsgehoorsaamheid so moeilik en onuitvoerbaar is as wat mense glo nie. Daarom stel die apostel in 1 Joh. 5: 3 “sy geboorte is ook nie moeilik om te gehoorsaam nie.”

Mense sien God se wet as onbillik en onuitvoerbaar omdat hulle hul sondes as hul liefdes glo. Wanneer jy jou eie sondige begeertes glo as jou ware liefde, dan is God se geboorte onbillik, onuitvoerbaar en liefdeloos, want dit keer jou om lief te hê soos jy in jou sondige begeertes voel liefde moet wees.

Christus vergeef ons sondes Hy maak dit nie ons liefdes nie

Christus se vergifnis van sonde skep egter 'n totaal nuwe wysheid waar gelowiges die wet van God as die wyse waarop hulle liefde as liefde herken, omhels. Hulle ontdek dat ware liefde vir hul naaste is om God se gebooie vir hulle te onderhou. (1 Joh. 5: 2)

Daarom is die Tien gebooie vir gelowiges die nuwe gebod in Jesus Christus. (1 Joh. 2: 7 en 8) Dit is die gebod wat hulle die wysheid gee om innerlik te kan onderskei tussen wat sondige begeertes is en wat liefde volgens God se wet is. Hierdie wet is nie vir hulle swaar, onbillik en onuitvoerbaar nie, maar maak dat hulle in die oorwinning van hulle geloof in Christus kan leef dat hul sondige begeertes nie meer hulle liefdes is nie.

9. Ons as NG Kerk is besig om in die afgodsdienste te versink dat ons van die kansels en deur kerklike vergaderinge al meer en meer geleer word dat ons sondige begeertes is ons ware liefdes.

Dit sien ons in die driftigheid in die kerklike vergaderinge om die hele tyd met sekspraatjies besig te wees en werklike wetteloosheid nie te wil aanspreek nie.

Elke sinodale vergadering moet nou op aanbeveling van die Algemene Kommissie weer praat oor al die seksuele afwykings, maar op 'n nuwe manier. Die patroon is klaar vasgelê: jy is biseksueel omdat jy so gemaak is en omdat God jou so gemaak het, is dit goed en reg dat jy so is; God se wet onderdruk jou ware liefde en daarom het Jesus gekom om die wet weg te vat sodat ons mekaar kan liefhê soos ons gemaak is. Gelowiges wat glo in liefde volgens God se wet is "judgemental" en moet bely dat hul verbintenis tot God se wet is liefdeloosheid vir mense wat net wil liefhê soos hulle gemaak is. Dit is die patroon wat nou vir kerklike sekspraatjies vasgelê is.

Daarom het die Wes en Suid Kaapse sinodes weer ongetroud saambly as besprekingspunt die die Algemene Sinode opgegee, want dit is net ware liefde wat Jesus in mense se harte gee en om te sê dit is sonde, beteken jy is veroordelend en liefdeloos, en jy moet bely dat jy verkeerd is om liefde te sien as iets wat volgens God se wet moet wees.

Daarom is poligamie ook net 'n manier waarop mense mekaar regte net lief het. Die mens is nie gemaak om net in een verhouding seksueel bevredig te kan word nie. Dit werk net nie wetenskaplik so nie en daarom moet ons nie "judgemental" wees nie want dis beter om vir al jou liefdes te sorg as om een te vat en 'n ander te los.

Met al hierdie nuwe sekspraatjies is die kerk nou die nuwe staatskerk – die kerk van die grondwet van die land en nie mee van die wet van God nie.

10. God is duisternis!

Christus vergeef ons sondes Hy maak dit nie ons liefdes nie

Dit is die nuwe liefdevolle Jesus wat gekom het om die wet weg te vat as die wyse waarop mense mekaar moet liefhê. In God is daar hierdie duisternis dat Hy nou gelukkig, bly en trots is op mense wat hul sondige begeertes uitleef as hul ware liefdes.

Só word God nou die God met donkerkolle in Hom deur die sekspraatjies van die kerk! Hy geniet, is trots en bly oor ongetroud saambly, homoseksuele troues, biseksuele verkeer en poligamie!

En terwyl God Hom hierin verbly, het die kerk stilgeword oor mense wie se eiendom gevat word sonder enige vergoeding. Terwyl die kerk sekspraatjies as dringende saak aan alle sinodes voorskryf, kon die Ring van Louis Trichardt deur die moderatuur van die Noordelike Sinode nou vir meer as 'n jaar geen reaksie kry uit die Algemene Kommissies wat grondvat sonder vergoeding moet aanspreek nie. Hierdie wetteloosheid word verswyg, maar sekspraatjies is dringende sake!

'n Duister God wie in Homself nou sondes goedmaak en nie meer mense van sondes reinig nie! 'n Duister God vir wie Jesus gekom het om sondige begeertes ware innige liefde van mense te maak.

Die kerk is besig om van God deur Jesus as 'n afgod 'n God van duisternis te maak! Jesus is Zeus wat magtiges bo wetlike aanspreeklikheid verhef. Jesus is Apollo wat oorlog en geweld teen die goddelose land en regering aanvuur. Jesus is Venus wat jou in die kuns van gay, biseksuele, poligame en ongetroude liefdes in lei. Jesus is Bacchus wat jou die goeie van die lewe in oorfloed laat geniet.

Hoekom?

Dit is eenvoudig. Dit gaan oor die drif van geestelikes om vir mense bemagtigde leiers te wees. Dit is wat predikante hulself nou noem en hoe hulle gesien wil word – bemagtigde leiers! Want wanneer God die God van duisternis is, dan is hierdie driftige geestelikes met hul sondige begeertes vir jou die lig in jou lewe, nie meer God in wie daar geen duisternis is nie.

Kom ons breek met hierdie nuwe afgod wat duistere geestelikes voorhou as die Jesus van ons liefdes! Kom ons bly vashou aan die Here wie ons ken: Hy wat ons sondes as sondes vergewe en ons daarvan reinig. Hy wat ons tot 'n liefde verbind waarin ons ons sondige begeertes as ons sondes erken en sy wet as ware liefde herken! Kom ons breek met ons sondes asof dit ons liefdes is en glo dat die Here ons vir ons gewaande liefdes vergewe om ware liefde in hom te vind sodat ons ware liefde in sy wet weer kan herken! Kom ons keer ons tot God wat lig is en in wie daar geen duisternis is nie sodat ons in die lig kan leef en ons eie duisternis kan herken en daarmee kan breek in sy lig!